

25 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 1:8-17
Fokusgedeelte: Romeine 1:16 (OAV)

Die Woord ... kragbron van redding

As daar nou een mens was wat nie skaam was om oor sy geloof te praat nie, dan was dit die apostel Paulus. Hy het voor konings en hooggeplaastes met 'n heerlike skaamteloosheid van sy geloof in Jesus Christus vertel. En die mense met wie hy gepraat het, was nie Christene nie! Paulus het voor almal, Christen en nie-Christen, van God se genade in Jesus Christus getuig.

Waarom kon Paulus só, sonder om hom te skaam, met enige mens oor God se genade in Jesus Christus praat? Hy het geglo: hierdie *evangelie van Christus ... is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo!* Die Griekse woord wat hier met *krag* vertaal is, is dieselfde woord waar ons woorde *dinamiet* en *dinamo (kragopwekker)* vandaan kom.

Die boodskap van God se genade wat Hy in Jesus aan ons bewys het, is soos dinamiet. Dit skiet 'n mens los uit die rotsbodem van sonde waarin jy vasgevang is. Dit skiet die hardste harte stukkend en maak dit sag, sodat geloof daarin kan groei. Want jy kry slegs deur die geloof in Jesus Christus redding uit die mag van die sonde en die dood.

En wanneer die dinamiet van *die evangelie van Christus* jou uit die bodem van die sonde losgeskiet het, dan word dieselfde *evangelie van God*, waardeur jy gered is, jou dinamo, jou kragopwekker. Deur die *evangelie van God* maak die Heilige Gees jou elke dag vol met goddelike krag om nog harde rotse van sonde, wat in jou oorgebly het, stukkend te breek.

As jy dalk skaam is om van die reddende genade van God teenoor ongelowiges te getuig, ook dan is die *evangelie van God* die kragopwekker waardeur die Heilige Gees jou met 'n heerlike skaamteloosheid vervul, sodat jy met vrymoedigheid kan getuig van God se genade.

Sing: Psalm 138:1, 2 (1936)

Ds. AP Krüger (Welkom)